

Donderdag 6 Augustus

Skrifgedeelte: Spreuke 5:15-23

Fokusgedeelte: Spreuke 5:18-19

Geniet die lewe met jou huweliksmaat!

Onderliggend in hierdie gedeelte is dat ons moet aangryp en geniet wat God ons gee en nie heeldyd hunker na iets anders wat ons nie het nie. Enkeles wil hierdie gedeelte figuurlik verklaar dat ons nie agter afgode moet aanloop en ware lewe op ander plekke as God soek nie.

Daar is eerstens 'n direkte toepassing op die huwelik. Die Here het jou 'n fontein gegee (vs 15), daar was 'n rede hoekom jy met iemand getrou het, jy het in die Here en voor die Here beloftes teenoor mekaar gemaak. Julle is eksklusief vir mekaar gegee. Dit is 'n gawe van God. As kinders van die Here in die huwelik bely ons dit oor die huwelik.

Daarom: Erken dit as gawe van God, besing die lof van jou huweliksmaat, fokus op die mooie, verheug jou oor die persoon met wie jy in die huwelik is (vs 18), geniet die persoon en verhouding wat jy het (vs 19). Dit is vanuit die genade in Christus en die werking van die Heilige Gees 'n keuse om jou maat lief te hê. Dit is juis wanneer jy die persoon raaksien wat God jou in die huwelik gee (as jy as't ware deur God se oë na jou huweliksmaat kyk) dat liefde groei, jy mekaar nadertrek na God toe, dat jy vervulling en vreugde in jou huwelik beleef.

Moenie vergelyk, of onvergenoegd raak, ondankbaar raak, rondsoek, agterdeure op skrefies ooplaat nie ... dit lei tot oortreding wat jou gaan inhaal (vs 22), dit is dwaasheid wat sleg eindig (vs 23). Die duiwel werp alles in die stryd in aanvalle op Christenhuwelike, hy wil breek in die verbond van die huwelik wat God gee.

Voor God wat ons lewens ken (vs 21), en in Wie ons die lewe het ... laat ons die volheid leef wat God vir ons bedoel in die huwelik wat Hy ons gegee het.

Sing: Psalm 128-1:1, 2, 3

Ds. CJ van Heyningen (Johan) (Stellenbosch)